NID KOLLEGE

GEDRAGSKODE

Student	
Naam:	
Handtekening:	
Program:	
Datum:	

FET Reg no: 2010/FE08/011

NID KOLLEGE – GEDRAGSKODE

NID Kollege verwag van sy studente om hierdie gedragskode (reëls) na te kom. As ‘n student dit nie doen nie, sal hy/sy aangespreek en gedissiplineer word.

1. ALGEMEEN

1.1 Reëls

Alle reëls van NID Kollege moet deur die student nagekom word – koshuis, klas, kollege.

1.2 Opdragte

Alle opdragte van personeel (fasiliteerders by NID Kollege; personeel in beheer by werkplekke) moet uitgevoer word.

1.3 Drank of dwelms

Geen student sal toegelaat word as hy/sy onder die invloed van drank of dwelms is. Geen drank of dwelms word op die NID gronde toegelaat nie.

1.4 Aanranding

Aanranding van enige persoon op die terrein word nie toegelaat nie en is ‘n kriminele oortreding.

1.5 Taalgebruik

Onbeskoftheid en vuil taal word nie toegelaat nie.

1.6 NID eiendom

Doelbewuste beskadiging van NID eiendom word beskou as ‘n kriminele oortreding. Alle ongelukke (in klasse) moet by die dosent aangemeld word.

1.7 Intimidasie

Intimidasie van ander studente word nie geduld nie.

1.8 Vuurwapens

Geen vuurwapens of skerp voorwerpe word op die terrein toegelaat nie.

1.9 Selfone

Dit moet gedurende alle klasse en by die werk afgeskakel wees. As die werkplek vereis dat dit ingehandig moet word – moet dit gedoen word.

1.10 Persoonlike eiendom

NID Kollege is **nie** verantwoordelik vir die verlies of beskadiging van persoonlike eiendom nie.

1.11 Vertroulikheid

Skinder oor ander persone word nie toegelaat nie. Vertroulike inligting moet ten alle tye vertroulik hanteer word.

1.12 Besoekers

Geen besoekers (ook ander studente) gedurende klas, prakties of werk.

1.13 Diefstal

Indien ‘n student met NID Kollege rekords of eiendom peuter of dit steel, sal onmiddellike ontslag (skorsing) volg.

1.14 Oneerlikheid

Wanneer ‘n student nie sy eie werk ingee nie, maar iemand anders se werk ingee – finale waarskuwing, daarna ontslag

1.15 Studentekaarte

ALLE studente moet hul studentekaarte na die werkplek dra.

Alle studente moet hulle self kan identifiseer d.m.v ‘n studentekaart indien versoek word.

1.16 Vrywaringsvorms

Alle studente moet die vrywaringsvorm teken.

1.17 Kleredrag

Studente moet nie uitlokkend aangetrek wees nie.

1.18 Medies

Studente wat met kos werk, kan versoek word om vir ‘n mediese ondersoek te gaan. Die student is verantwoordelik vir alle mediese uitgawes.

1.19 Seksuele teistering

Geen seksuele teistering sal geduld word nie en sodanige oortreder sal onmiddellik ontslaan word.

2. VEILIGHEID

2.1 Apparate

Alle reëls vir die veilige gebruik van apparate moet nagekom word. Die reëls is om jou te beskerm. Elke student moet weet hoe om masjiene te gebruik voordat hy/sy daarmee werk.

2.2 Rook

Niemand mag rook in rookvrye areas nie (binne in geboue). Daar is sekere plekke waar rook toegelaat word.

2.3 Onbekende persone of pakkies

Enige onbekende persone of pakkies moet gerapporteer word aan die personeel en sodanige persone moet aanmeld by ontvangs.

2.4 Body piercing”

Geen “body piercing” in tong, lip, neus of wange word toegelaat nie.

In praktiese klasse word juwele beperk tot ‘n horlosie en trouring.

3. HIGIËNE

3.1 Persoonlike higiëne

Elke persoon moet netjies wees op sy/haar persoon en goeie higiëne handhaaf.
Kort naels en geen cutex vir studente wat met kos werk.

3.2 Kougom

Geen kougom word in die Kollege geboue toegelaat nie.

3.3 Uniform

Die korrekte uniform moet gedra word in die praktiese klasse en by die werk (vir die studente wat prakties doen by werkplekke).

- Uniforms moet skoon en netjies wees.
- Elke student is verantwoordelik vir die netheid van sy/haar uniform.
- Na die praktiese klas, moet uniforms uitgetrek en gewas word.
- Vir gasvryheidsdienste moet toe skoene met rubbersole in praktiese klasse en by die werk gedra word.
- By konstruksie moet veiligheidskoene en ander veiligheidstoerusting gedra word.

3.4 Rommel

Alle rommel moet in die vullishouers geplaas word. As jy iets sien rondlê, tel dit op en gooi in houers. Dit is ons almal se plek en ons wil trots wees daarop.

4. BYWONING

Omdat alle opleiding prakties is, kan ‘n klas nie gemis word nie en is dit moeilik om weer in te haal. Alle klasse, werk en prakties **moet** bygewoon word.
In uitsonderlike gevalle sal ‘n student toegelaat word om huis toe te gaan met die diskresie van die Hoof.

4.1 Siekte

As jy siek is, moet jy eers die koshuismoeder in kennis stel. Tweedens moet die koshuismoeder NID Kollege kantoor om 08h00 laat weet (elke dag wat jy siek is). Die fasiliteerder of werkplek sal dan in kennis gestel word. Dit word op ‘n afwesigheidsbord en in ‘n afwesigheidsregister geskryf.

As jy langer as TWEE dae afwesig is moet jy ‘n mediese sertifikaat by NID Kollege kantoor inhandig.

4.2 Register

Maak seker dat jy die teenwoordigheidsregister in die klas, prakties en by die werk teken. Indien nie, word dit as ‘n afwesigheid gereken. As jy onnodig afwesig is kan jy nie jou sertifikaat kry nie.

4.3 Teebreek (Pouse)

Teetyd by NID Kollege is vanaf 10:00 – 10:30. Die dosent (praktiese klasse) of bestuurder (werkplek) sal sê wanneer studente ‘n teebreek kan neem.

4.4 Assessering (Toetsing)

Werkopdragte (huiswerk) moet op tyd ingegee word.

As ‘n student afwesig is en ‘n assessering nie doen nie, moet hy/sy self reëlings tref om dit in te haal. Indien daar voorraad aangekoop is vir die assessering kan daar van die student gevra word om dit te betaal.

4.5 Familie

As jy moet huis toe gaan omdat jou familie siek is, moet jy vir die koshuismoeder sê so gou as moontlik. Die koshuismoeder moet sorg dat dit so bevestig word met die ouers en familie.

5. TYD

Studente word opgelei vir ‘n werk. In enige werk is dit belangrik dat werkers altyd betyds is. Daarom moet studente altyd betyds by hulle klasse wees. Die student kan dissiplinêr verhoor word indien hy / sy gereeld laat.

5.1 Werk

Studente moet betyds wees by die optelpunt vir werk.Hulle sal ‘n waarskuwing van die werk kry wat tot ‘n dissiplinêr sal lei. Indien ‘n student laat is, sal hy/sy ‘n waarskuwing kry.
ALLE studente moet hulle studentekaarte in die werkplek dra.

6. PRAKTIESE WERK (INDIENSOPLEIDING)

6.1 Indien die student nie die instruksies van die toesighouer of bestuurder uitvoer nie, sal dit lei tot ‘n waarskuwing en gevolglik tot ‘n dissiplinêr.

Ek, …….. aanvaar die gedragskode. Ek verstaan die reëls en aanvaar die gevolge indien ek nie die reëls nakom nie.

…….. ……
Student handtekening Datum

…….. ……..
Fasiliteerder Datum

FET Reg no: 2010/FE08/011